

15 November Numeri 19:1-10, Hebreërs 9:11-14

Ek kan dit nie doen nie!

Iets wat dadelik opval in hierdie voorskrifte is die verontreinigende en besmettende mag van die dood. Die reinigingswater moes gebruik word om iemand wat met die dood in aanraking was te reinig.

In die proses staan die reinigende werking van die lewe egter op die voorgrond: Die koei moes rooi wees. 'n Koei gee lewe; rooi: simbool van bloed, van lewe; sy moes sonder gebrek wees: die werking van die dood moet nog nie waarneembaar wees nie; sy moes nog nie 'n juk gedra het nie, dus so min moontlik in aanraking met die sondige lewe.

Ook die items wat daar bykom: sederhout, besonder duursaam; hisop, bekend vir sy reinigende krag; skarlaken rooi wolstof, weer eens die kleur van bloed.

So moes die Israeliet wat met die dood in aanraking was, gereinig word met die simbole van die lewe.

Hoe raak dit ons wat ook met die dood besmet is, aan die dood onderworpe geraak het? Hoe word ons van die smet van die sonde gereinig? Geen ingewikkelde prosedure soos by Israel nie! Dit is reeds vir ons gedoen! Jesus het self die onreinheid van die dood ingegaan om ons daarvan te reinig. Hy het opgestaan en lewe en skenk ons die lewe. Ons moet die lewe gaan lewe. Nie na die vlees lewe nie, want dan sal ons sterwe, maar 'n nuwe, Geesvervulde lewe!

Sing Psalm 66:6 Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen (Windhoek)